Die nuusbrief vir mense wat op plase woon of werk

PlaasFokus

Uitgawe 2 Desember 2005

Welkom

Hierdie uitgawe kyk na twee groot geleenthede wat Sikhula Sonke en die Women on Farms Project in 2005 onderneem het. Dit was Sikhula Sonke se Algemene Jaarvergadering en 'n Tweedagkongres vir Plaasvroue wat deel was van die 16 Dae van Aktivisme-veldtog.

Olu hlelo lugqalisela ikakhulu kwiziganeko ezibini eziphambili nezathi zabanjwa ngo-2005 nguSikhula Sonke kwakunye nombutho osebenza namakhosikazi ezifama, iWomen Farms Project. Siza kuqwalasela intlanganiso yonyaka kaSikhula Sonke, yona eyayichotshelwe kwiveki ekwakubhiyozelwa kuyo uMhla weSizwe waMakhosikazi. Sabuya sabamba neNkomfa entsuku mbini malunga nabantu besifazane ezifama. Le nkomfa yayiyinxenye yePhulo leeNtsuku ezili-16 zokubonisa inkcaso kubundlobongela obujoliswe kubantu besifazane

Let's talk about it
Makuthethwe ngale nto

Geslagsgeweld is wanneer mans met geweld hulle mag op vroue afdwing. Dit kan vroue se gesondheid ernstig aantas. Amper alle vroue wat fisies mishandel word, word ook geestelik en seksueel deur hulle maats mishandel. Vroue op plase kry nog swaarder as ander vroue, want hulle word oral mishandel, in hulle huise en by die werk.

Gewoonlik rapporteer plaasvroue dit nie, want hulle is:

- ***§ afhanklik van die geweldenaar,***
- ***§ bang dat hulle van die plaas afgesit gaan word,***
- ***§ bang dat die gemeenskap hulle sal wegstoot.***

Daarom sê plaasvroue nou, "Kom ons praat daaroor".

Die 16 Dae van Aktivisme teen Geslagsgeweld is 'n internasionale veldtog. Drie datums is belangrik:

1. ***Internasionale Dag teen Geweld teen Vroue – 25 November;***

Vervolg op bladsy 6 ►►►►►►

INHOUD

Onderhoude met Deelnemers by die Konferensie

Ons het met **Ursula Malan**, 'n Vrouegesondheidsbronagent, gepraat. Sy is betrokke by die Klapmuts MIV/VIGS-steungroep.

1. Hoe het jy by die Ondersteuningsgroep betrokke geraak?
Daar was 'n ondersteuningsgroep by Klapmuts. Dit het doodgeloop. Toe het ek 'n vriendin gehad wat MIV-positief was. Ek het vir Sharon gevra dat ons 'n vrouegroep stig.

2. Waaroor was jy bang toe jy betrokke geraak het?
Ek het nie geweet hoe om met 'n MIV-positiewe persoon te praat nie.

3. Hoe het jy hierdie vrese oorkom?
Cheryl Linder en Sharon Messina van WFP het gehelp.

4. Het jy enige opleiding gekry?
Ja, Francis Jacobs het ons geleer hoe om met iemand wat MIV-positief is, te praat; hoe om gesond te leef met die virus; en hoe om 'n MIV-positiewe persoon aan te moedig.

5. Wie het die opleiding gegee?
Women on Farms Project se Cheryl Linders, Francis Jacobs van AGATHOS en op my eie met die Klapmuts Polisiestasie se Victim Support Group.

6. Kan plaaswerkers maklik toegang tot Gesondheidsdienste vir MIV/VIGS kry?
Plaaswerkers kry nie maklik inligting nie, veral as hulle MIV-positief is. Mense praat nou meer oor hulle MIV-status. Hulle weet daar is 'n Bronagent van die Women on Farms Project met wie hulle kan gesels.

Baie dankie.

Die veldtog rondom16 Dae van Aktivisme: ***'Vir die Gesondheid van Vroue, vir die Gesondheid van die Wêreld: Geen geweld meer"*** vir 2005 is op 24 November by die Van der Stel-saal op Stellenbosch deurie Direkteur van Women on Farms Project, Fatima Shabodien, en die Algemene Sekretaris van Sikhula Sonke, Wendy Pekeur, bekendgestel.

Plaasvroue en gaste van ander organisasies wat saamwerk, was ook daar.

Die tema van die Women on Farms Project se veldtog vanjaar, "Let's talk about it", wil vroue en kinders leer om nie stil te bly as hulle mishandel word nie.

Daar is hoofsaaklik gepraat oor:
1. hoe om die veldtog sterker te maak,
2. wat om te doen, bv deur meer uit te vind oor huishoudelike geweld; om wetstoepassers, gesondheidswerkers, boere en die plaasgemeenskap meer bewus te maak van huishoudelike geweld en die slegte gevolge daarvan; en om ondersteuningsgroepe te skep om plaasvroue te help.

Die tweede onderhoud is met **Lungiswa Memala van Western Cape Network on Violence Against Women**. Lungiswa het die Konferensie toegespreek oor strategie¸ om geweld teen vroue te oorbrug of voorkom.

1. Wat moet gemeenskappe tydens die 16 Dae van Aktivisme doen?
Saamstaan om geslagsgeweld te bekamp. Om ander vroue en veldtogte te ondersteun.

2. Wat is in plek om geslagsgeweld te voorkom?
Gebruik die nuwe Domestic Violence Act
Ekonomiese bemagtiging
Ondersteuning en gemeenskapsbetrokkenheid

3. Het die veldtog die verwagte uitslae opgelewer?
Elke jaar is daar verandering. Al het net 'n paar persone verander, het ons 'n impak gehad.

Baie dankie.



DEELNEMERS BY DIE KONFERENSIE

Boontjiesrivier, Ceres

VERSLAG OOR SIKHULA SONKE 2005 JAARKONGRES:

1. Agtergrond:

Sikhula Sonke (" ons groei saam") is op 9 Augustus 2004 gestig as 'n onafhanklike organisasie. Hierdie organisasie is op 10 Desember as 'n vakbond vir permanente en seisoenswerkers geregistreer met vroue in die leiersposisies. Sikhula Sonke het nou 2 500 lede en sewe gevestigde takke.

Die eerste Algemene Jaarvergadering het plaasgevind presies een jaar nadat Sikhula Sonke formeel gestig is. Die kongres is van 5 tot 8 Augustus gehou met die Algemene Jaarvergadering op 9 Augustus (Suid-Afrika se Nasionale Vrouedag).

2. Die doelwitte van die Kongres

- Om lede meer oor die volgende te leer:
  - Geslagsgeweld en MIV/VIGS
  - Ras, klas en geslag
  - Die geskiedenis van vakbonde
  - Wêreldhandel (globalisering en handel)
  - Die Wet op Arbeidsverhoudinge
- Hoe om 'n behoeftebepaling te doen

- Die Kongres het ook die volgende doelwitte gehad:
- Om 'n plan van aksie te ontwikkel tot die volgende AJV
- Die verkiesing van die Algemene Sekretaris en Nasionale Uitvoerende Komitee

3. Deelname aan die Kongres

Die Kongres is deur 78 plaaswerkers (66 vroue, 12 mans), 6 personeellede van Sikhula Sonke, 13 personeellede van die Women on Farms Project en 3 direksielede van die Women on Farms Project bygewoon. Elke tak moes 10 afgevaardigdes na die Kongres stuur. Villiersdorp en die Paarl se takke is nog nie gestig nie en het vyf afgevaardigdes elk gestuur. Een maand voor die Kongres is die verskillende takke besoek om te verduidelik waaroor die Kongres gaan, hoe die verkiesingsproses werk, en hoekom 10 afgevaardigdes per tak die Kongres kon bywoon.

4. Kongresprogram

Sikhula Sonke en die Women on Farms Project het saam die Kongres gereël. Die afgevaardigdes van die verskillende takke moes elke oggend kommentaar lewer op dit wat die vorige dag bespreek is. Dit is hoofsaaklik met drama en sang gedoen. Dit het gewys of die deelnemers duidelik verstaan waaroor daar gepraat is.

Ontleding van Die Dag se Program

Francis Jacobs van AGATHOS was die fasiliteerder. Sy het die verskil tussen MIV en VIGS verduidelik en oor veilige seks gepraat. Sy het vertel hoe die siekte oorgedra kan en hoe dit voorkom kan word.

Die fasiliteerder het verduidelik wat geslagsgeweld is. Die deelnemers het twee rolspelle gedoen:

1. om te wys wat mense hoor as geslagsgeweld plaasvind;
2. wat mense sien as geslagsgeweld plaasvind.

Sommige mense het begin huil omdat hulle slagoffers van geslagsgeweld is. Een van die mans het die vrymoedigheid gehad om te vertel dat hy 'n oortreder is en het die deelnemers aangemoedig om nie enige vorm van geslagsgeweld teen hulle toe te laat nie. Laastens het die deelnemers 'n besluit oor hulle standpunt oor geslagsgeweld opgestel.

Marie Minaar-Macdonald van die Women on Farms Project het meer oor diversiteit vertel. Die deelnemers is in groepe verdeel. Elke groep moes 'n rollespel oor seksisme, rassisme en seksuele oriëntasie doen.
Dit was duidelik dat daar nog baie diskriminasie teen swart vroue en vrouewerkers op plase is.
Teen die einde van die sessie het die deelnemers 'n besluit opgestel oor hoe hulle diversiteitop hulle plase gaan aanspreek.

Mike Louw van Cosatu het kortliks die geskiedenis van vakbonde en vakfederasies verduidelik, asook die voordele om lid van 'n vakbond te wees, soos beskerming en die afdwinging van werkers se basiese wettige regte, meer bedingingsmag.
Hy het ook gepraat oor die probleme waarmee vakbonde te doen kry om 'n doeltreffende en effektiewe diens aan hulle lede te lewer.

Wat is globalisering en handel?

Malcolm Damonds van die Netwerk vir Ekonomiese Geregtigheid was die fasiliteerder.
Baie deelnemers het al van " globalisering" gehoor. Hulle wat in die buitewêreld gebeur deur TV te kyk en koerante te lees. Hulle is bewus van die druk van buite op boere. Deelnemers het beklemtoon dat as die boer hulle beter behandel, hulle meer wyn aan die buitewêreld sal kan verkoop.
Plaaswerkers het begin dink oor hoe hulle meer kan verstaan wat op plase gebeur en wat plase se produksie en finansies beïnvloed.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge

Die meeste deelnemers ken nie die Wet nie. Die fasiliteerder, Sarah Ryklief van die Women on Farms Project, het verduidelik wat hulle regte ingevolge die Wet is, veral organiseringsregte.

Doen 'n behoefte-ontleding

Deelnemers het die probleme genoem wat hulle op plase ervaar, al is daar so baie wette wat hulle beskerm. Dit sluit in swak behuising, onwettige uitsettings, nie-nakoming van arbeidswetgewing, swak gesondheids- en veiligheids-regulasies, viktimisering van en diskriminasie teen vrouewerkers, en rassisme.

Ontwikkel 'n plan van aksie tot volgende AJV

Volgens Sikhula Sonke is uitsettings die grootste probleem. Iets moet gedoen word om uitsettings so gou moontlik te stop. Enige nie-nakoming van arbeidswetgewing sal na die Departement van Arbeid verwys word. Die brief oor die erkenningsooreenkoms sal aan boere op plase waar daar die meerderheid lede is, gestuur word.

Verkiesing van nuwe Algemene Sekretaris en ampsdraers

Die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie het duidelike leiding oor die verkiesingsprosedure gegee. Die lede het goed verstaan hoe hulle moet stem. Die kandidate vir die pos van Algemene Sekretaris het uitstekende toesprake gelewer. Wendy Pekeur, een van die organiseerders van Sikhula Sonke, is as Algemene Sekretaris verkies. Die ampsdraers is ook verkies met Sarah Claasen as Voorsitter, Martina as Ondervoorsitter en Catherine Davids as Tesourier.

Algemene kommentaar

Sikhula Sonke se eerste Kongres was 'n groot sukses. Die deelnemers sal die ander lede inlig oor wat hulle by die Kongres geleer het. Die pad vorentoe vir Sikhula Sonke gaan moeilik wees. Die organisasie gaan fokus op onderhandelings oor die erkenningsooreenkoms, die werwing van meer lede, asook uitsettings en die nie-nakoming van minimum lone. Die lede van Sikhula Sonke is gereed om die uitdagings aan te pak.

►►► ►►► Vannaf bladsy 1

2. Internasionale Menseregtedag – 10 Desember;
3. Wêreld-VIGS-dag – 1 Desember.

Xa amadodoa esebenzisa ubundlobongela ukunyanzelisa igunya labo lobudoda sikubiza oku njengobundlobongela obusekelwe kwisini, iGender Based Violence.

Amdoda enza oku siwabiza ngokuba ngabenzi bobundlobongela. Olu hlobo lobundlobongela lunefuthe elibi kakhulu kwimpilo yabantu besifazane kodwa amaxesha amaninzi alunanzwa. Uninzi lwabantu besifazane abathi bafumane impatho-mbi yobundlongela bakwafumana nempatho-mbi yomphefumlo kwanempatho-mbi ngokwesondo kumaqabane abo. Imeko yabantu besifazane abasezifama imandundu nangakumbi xa ithelekiswa neyabanye abantu besifazane kwezinye iindawo zoluntu lwethu. Abantu besifazane kunye nabantwana abahlala futhi besebenza ezifama baphatheke kakubi ngeendlela ngeendlela. Baphetheke kakubi emakhayeni abo, ezindaweni zabo zomsebenzi, nakuluntu luphela. Kwiimeko ezininzi aba bantu besifazane abayichazi le mpatho-mbi ngenxa yokuba

a) bexhomekeke kulowo ubaphethe kakubi,
b) benoloyiko lokugxothwa kuloo fama bahlala kuyo,
c) besoyikwa ukubukulwa luluntu lwabo.

Abantu besifazane ezifama besithi, " Masithethe ngale nto".

IiNtsuku ezili-16 zokubonisa inkcaso kubundlobongela obujoliswe kubantu besifazane liphulo lehlabathi jikelele. Eli phulo liphakamisa imihla emithathu:

1. UMhla weHlabathi wokubonisa inkcaso kubundlobongela obujoliswe kubantu besifazane – 25 Novemba
2. UMhla weHlabathi wamaLungelo aBantu – 10 Disemba, njengomqondiso obonisa ukuba isenzo sobundlobongela kukusingela phantsi amalungelo abantu
3. UMhla weHlabathi osisikhumbuzo sesifo se-AIDS – 1 Disemba

'n Onderhoud met

Wendy Pekeur

...die nuutverkose Algemene Sekretaris van Sikhula Sonke. Sy sê 'Die plaaswerkers het gepraat en ek is gereed om hulle te dien'.

Wat kan jy vir mense vertel oor jouself?
Ek is gebore op 23 Julie 1978, die tweede oudste van 7 kinders. Ek het opgegroei op'n plaas Elsenburg, naby Stellenbosch. Ek het in 1996 by Bernadino Heights Sekondêre Skool gematrikuleer. Dit was dieselfde jaar toe daar'n poging aangewend was om my oupa uit te sit. Sy meubels was uit die huis gesit. My eerste werk was op'n vrugteplaas by Stellenbosch.

Wat is jou visie vir Sikhula Sonke?
Om toe te sien dat daar 'n plek vir elke plaasbewoner is in ons beweging. Die beweging moet 'n huis wees waaraan elke plaasvrou behoort. Ek sien Sikhula Sonke as 'n skool wat mense opvoed, 'n huis wat die kwesbares beskerm en 'n voertuig wat plaasmense na plekke sal neem.

Baie van die Sikhula Sonke lede sien uit na jou leierskap; wat is dit wat jy saambring?
Dissipline, energie, en'n liefde vir my werk en vir die mense met wie ek werk. Ek het die wilskrag en die vermoë om'n verandering te maak. Ek wil verseker dat elke plaasbewoner hulle regte geniet en gerespekteer word as'n Suid-Afrikaner.

Wat is Sikhula Sonke en hoekom nog'n Plaaswerkersvakbondunie?
Sikhula Sonke is'n Sosiale Bewegingsvakbondunie, geregistreer by die Departement van Arbeid op 10 Desember 2004. Dit fokus nie net op arbeidsaangeleenthede nie, maar ook op die lewensomstandighede van die plaasbewoner in geheel.

Wat is die Kernbeginsels wat Sikhula Sonke lei?
- Vroueleierskap; soos die tema van ons afgelope Jaarvergadering bevestig het: "Sterk vroue staan saam'
- Werkersbeheer
- Opbetaalde lede
- Bemagtiging
- Selforganisering
- Geen rassisme

Is die Unie geaffilieer by enige van die drie Federasies?
Nee, dit is'n besluit wat slegs geneem kan word deur die lede van Sikhula Sonke, en dit is nie huidig op ons agenda nie.

Wanneer iemand hoor van Sikhula Sonke, dan verskyn die naam Women on Farms Project altyd op die horison 'n Kan jy vir ons help verstaan wie is Women on Farms Project en wat is hulle verhouding met die Sosiale Bewegingsvakbondunie?
WFP is "n nie-regeringsorganisasie wat die bou van Sikhula Sonke ondersteun op hul pad na onafhanklikheid. Ons opereer as suster-organisasies; ons deel kantoorspasie en ander hulpbronne.

Wat was een van die resolusies wat geneem is by die Algemene Jaarvergadering en watter program van aksie het julle in werking gestel?
Rassisme en Geslag.

Ek wil graag die organiseerders bedank vir die uitnodiging om as gasspreker op te tree by hierdie geskiedkundige gebeurtenis. Hierdie historiese oomblik laat ons toe om te reflekteer op die konteks van die sektor waarin Sikhula Sonke hul organisasie gaan bou. Om my praatjie te begin, wil ek graag uitbrei oor die konteks waarin Sikhula Sonke hulself bevind as 'n nuwe lede-organisasie.

Die Betekenis van Nasionale Vrouedag

HOOF TOESPRAAK DEUR MARIE MINAAR MCDONAL DIE VOORSITTER VAN DIE 2005 WFP RAAD

Die Betekenis van Nasionale Vrouedag

9 Augustus is die dag wanneer ons herinner word aan die massa Suid-Afrikaanse vroue wat van oral saamgekom het in 1956. Die vroue het 'n optog teen die Paswet by die Uniegebou in Pretoria gehou.

Nasionale Vrouedag is dus 'n publieke vakansiedag wat geskep is vir Suid-Afrikaanse vroue om hul bydrae in die historiese stryd vir 'n vry land te gedenk. Hulle het teen uitbuiting op die basis van geslag, klas en ras geprotesteer.

Tot vandag toe was dit die grootste protesoptog ooit in Suid-Afrika. Selfs 'n poging wat verlede jaar aangewend is om vroue te mobiliseer om dieselfde optog te ondersteun, het nie geslaag nie. Hulle kon nie dieselfde getal vroue weer bymekaar kry nie. Die veldtog het vir nog 7 jaar aangehou. Ten spyte van die veldtog deur vroue, het aanhoudende arrestasies, molesterings en intimidasie deur die destydse Nasionale Party-regering vroue finaal geforseer om 'n pas te dra. Teen die 1960's het die apartheidsregime alle plaasvroue verbied om stedelike gebiede binne te gaan.

Die pyn wat vroue verduur het om geskei te wees van hul mans en familie tydens daardie tydperk, is nog steeds vars in die geheue van die ouer vroue en kinders.

SEKHULA SONKE

I am a farmworker woman
Iam a farmworker man
I am a farmworker child

I am black, brown, pink and proud
I am loyal to my land, and stand tall like rock
Shout it out shout it loud;

Ndingu mfazi osebenza efama
Ndiyi ndoda esebenza efama
Ndingu mntana osebenza efama

Ndiyazingca ngobu mnyama,
ngobu mdaka nobu bhelu bam
Ndinethemba ngelizwe lam,
ndakuma ndinga gungqi
Memeza, memeza ka vokotheke

Ek is "n plaaswerker vrou;
Ek is ;n plaaswerker man;
Ek is "n plaaswerker kind;

Ek is swart, bruin, pienk en trots;
Ek is getrou aan my grond, en staan vas soos "n rots
Skree dit uit; hard en luid

EK IS SIKHULA SONKE,
EK IS SIKHULA SONKE

Geskryf deur Marie Minnaar McDonald (lektrise, Departement Maatskaplike Dienste/ Vroue- en Geslagstudies, UWK) om eer te bewys aan Sikhula Sonke wat op Nasionale Vrouedag, Dinsdag, 9 Augustus, 2004 ingestel is.

SIKHULA SONKE SE SAAK WERK

ONBILLIKE ARBEIDSPRAKTYK

Elf werkers van die Fairfield Boerdery by Ceres is dissiplinêr verhoor omdat hulle skuiling gesoek het teen die reën. Van die werkers het skriftelike en ander finale skriftelike waarskuwings gekry. Sikhula Sonke het die saak na die CCMA verwys as 'n onbillike arbeidspraktyk. Dit is op 26 Oktober 2005 verhoor. Sikhula Sonke het die werkers verteenwoordig en al die dissiplinêre aksies teen die werkers is teruggetrek. Dit is die eerste saak wat Sikhula Sonke gewen het.

ONBILLIKE AFDANKING

1. Adam Scoths van die Fairfield Boerdery is afgedank omdat hy 'n trekker geneem het om hout te gaan haal. Dit is deur Sikhula Sonke na die CCMA verwys as 'n onbillike afdanking. Die saak is op 26 Oktober 2005 verhoor en hy is op 31 Oktober 2005 terug werk toe.

2. Willem Pedro van die Fairfield Boerdery is op 1 Augustus 2005 afgedank. Die saak is na die CCMA verwys en is op 6 Oktober 2005 verhoor. Die uitspraak was nie ten gunste van Willem nie. Sikhula Sonke het gevolglik 'n prokureur genader. Die CCMA is gevra om die uitspraak te hersien.

3. Vroue van Sterhuis is deur die bestuurder beveel om vir 'n kontrakteur te gaan werk. Hulle het geweier en het gevolglik tuis gebly. Wendy Pekeur van Sikhula Sonke het 'n brief aan die konsultant gestuur en met die eienaar in verbinding getree. Die vroue is weer terug werk toe.

U SIKHULA SONKE UPHETHE AMATYALA WABASEBENZI

Umsebenzi wase Fairfaield uAdam Scolths, wagxothwa emsebenzini ngenxa yokusebenzisa iTrekitara eyokulanda inkuni. Elityala liye lasiwa ngu Sikhula Sonke kwa CCMA (umzi oxazilula ingxaki phakathi koMqashi no Mqeswa eKapa). Injongo ibikuku lwa indlela engekho mthethweni athe uMqashwa wagxothwa ngayo. Elityala liye lamanyelwa ngu CCMA ngomhla wama 31 October 2005, USikhula Sonke waye khona ngalomhla emele umsebenze, inkundla ka CCMA yathatha isigqibo sokuba umsebenzi abuyele emsebenzi njengo wagxothwa ngendla engokho mthethweni kwakunye nesizathu singena sishlahla.

"INGCANGO ZEMFUNDO KWAKUYE NENCUBEKO ZIYAKUVULEKA KUMNTU WONKE"

Emva kweminyaka elishumi linanye uMzantsi Afrika ufumene inkululeko, abazali basa sokola ukuthumela abantwana babo kumaZiko eMfundo. Umgaqo siseko woMzantsi Afrika, Iingcango zeMfundo neNcubeko azikavuleleki kununtsi lwabantu abasahluphekayo.

Umthetho weZikolo eMzantsi Afrika ka 1996 uthi, umfundi wamnkelwa sisikolo nakwi nqubo yesikolo iphelele. Akuvumelekanga ukuba umfundi anqunyanyiswe ezifundweni, avalelwe amathuba kwezencubeko okany ezemidlalo esikolweni. Akuvumelekanga ukuba umfundi angayifumani ingxelo yakhe yonyaka, okanye axhaphazwe ngenxa yokuba umzali engakwazi uhlawula intlawulo yemfundo.

Abazali abahluphekayo banalo ilungelo lokwenza isicelo sokunga hlawuli intlawulo yezifundo kwinqununu yesikolo. Mhlali/msebenzi wase fama yenza isicelo zokungahlawuli intlawulo yesikolo, yiya kwisikolo apho umntwana afunda khona uyokwenza esiscelo. Ukuba awufumani ncedo tsalela umnxeba iofisi Yemfundo ye Phondo lwe Ntshona Koloni kulenombolo: (021) 467 2000/6/2535

MINIMUM LOON VIR PLAASWERKERS
IMIVUZO YABA SEBENZI BASEZIFAMA

Die volgende verhoging sal vanaf 1 Maart 2006 in werking tree. Wees op die uitkyk vir die nuwe minimum loon. Luister na die radio, lees koerante en Sikhula Sonke sal alle lesers op hoogte van sake hou met die nuwe/nodige inligting. Vir meer inligting bel Sikhula Sonke se kantoor by tel: (021) 8872960/1/2.

Unyuso olulandelayo lwemivuzo yabasebenzi basezi fama luyakuba ngomhla 01 March 2006. Hlala ke ubaze indlebe, mamela onomathotholo, funda amaphepha kananjalo. USikhula Sonke njengombutho omele imfuno zaba sebenzi, uyakuhlala ebaze indlebe. Qhakamshelana ne oofisi zika Sikhula Sonke kolucingo: 0218872960/1/2

VOLGENDE MUNISIPALE VERKIESING

Die volgende munisipale verkiesing vind op 1 Maart 2006 plaas. Dit is baie belangrik dat jy stem - kom maak dus jou kruisie. Die stempunte waar mense kan stem, sal aangedui word. Ukuba ufuna ukuqonda malunga no Voto tsalela umnxeba iofisi ze IEC Kulenombolo: 0800 11 8000
JOU STEM IS JOU GEHEIM! STEM OP1 Maart 2006.

UNYULO LO MASIPALA

Unyulo olulandelayo lo Masipala lwaku ba ngomhla 01 March 2006. Kubalulekile ukuba uthathe inxaxheba uvotele lo mntu oyakujongana nemfuno zakho. U IEC (umbutho ka Rhulumente ojongene nezovoto) uyaku papasha amaziko ovoto.
IVOTI YAKHO YIMFIHLO YAKHO! VOTA NGOMHLA KA 01 MARCH 2006